Harvesters MINISTRIES
Opening the Way

Mei 2024



NE0524_AF email

# ‘n Kerk in Maksimum-sekuriteit

Leraar Poela Bernard, ‘n getroue volgeling van die Groot Opdrag, ervaar eerstehands die wonderbaarlike werk van God. Poela is opgelei deur Harvesters en het daadwerklik ‘n kerk geplant net daar waar hy homself bevind het – aan die binnekant van ‘n tronk.

Poela werk as ‘n verpleër in die Kitalya Maksimum tronk in Uganda, waar die meerderheid van die gevangenes en beamptes Moslems is. Ten spyte van die uitdagings binne sy omgewing het hy onverskrokke ‘n klein geloofsfamilie, bestaande uit die kollegas in sy tronk-behuising, byeengebring.

Hierdie klein groepie het die aandag getrek van ‘n senior Moslem amptenaar, wat die positiewe verandering onder sy personeellede opgemerk het. Nadat hy die verskeie pare skoene buite Poela se deur sien lê het, het die amptenaar hom begin uitvra oor die groep.

Met verloop van tyd het die geloofsfamilie gegroei tot 15 personeellede en Poela se kamer het te klein begin raak. Tot sy verbasing het die Moslem amptenaar hom teruggeroep om aan te kondig dat hy spasie gemaak het in die binnehof van die tronk sodat daar ‘n kerk vir sy geloofsgemeenskap gebou kon word.

Hierdie wonderbaarlike goedgunstigheid het nie hier gestop nie. Die weermag, wat sommige van hulle beamptes by Kitalya Tronk laat werk het, het sement en hout geskenk vir die bou-projek.

In Junie 2023 het die kerk amptelik sy deure geopen. Die gebou kan nou soveel as 50 mense huisves. Teen Desember van daardie selfde jaar het 33 offisiere en hul gades hul geloof in Christus geplaas!

Die Heilige Gees werk kragtig binne die mure van hierdie tronk, en dis nog maar die begin. Die lidmate van die kerk wil regoor Uganda meer kerke in tronke plant en sodoende die Evangelie na sommige van die mees gebroke en desperate plekke neem.

## Ook in hierdie uitgawe:

2 Self-opofferende Geloof – Ervaar die werk van God in Indië

4 Missionale Masai







# Self-opofferende Geloof

## Ervaar die werk van God in Indië

Agter die prentjie van die lewendige kleure en skouspelagtige landskappe van Indië lê 'n geestelike slagveld, waar die Evangelie telkens met teenkanting begroet word. Harvesters het onlangs daar besoek afgelê om leraars op te lei, ons metodologie aan te bied en die diplomaplegtighede van die leraars wat hul opleiding voltooi het te vier. Om mense te bedien wat werklik 'n prys betaal het daarvoor om Christus te volg het 'n diep indruk in ons harte gelaat.

Die landskappe van Indië is ongelukkig nie nét 'n skilderdoek van skoonheid nie. Die teenwoordigheid van anti-bekeringswetgewing, wat ten doel het om geforseerde bekerings te reguleer, laat ook sy merk. Hierdie wette word dikwels misbruik om 'n Christene lastig te val en te intimideer – dit skep 'n uitdagende omgewing vir evangelisering en kerkplanting.

Ten spyte van hierdie uitdagings bly plaaslike gelowiges getrou en verkondig hulle baldadig die Evangelie. In Indië is die pad na geloof nie gerieflik nie. Vir gelowiges hier is dit die moeite werd om alles wat hulle het prys te gee vir Christus

Leraar Rahul, van Harvesters deel sy aanvanklike gevoelens van "hartseer en verwarring" oor die bekragtiging van hierdie wetgewing. Maar, tog het die Here ondersteuning voorsien in die vorm van Harvesters Ministries. "Ons prys God daarvoor dat Hy die regte mense en die regte model gestuur het [om ons te wys] hoe om vordering te maak in ons bediening,“ getuig hy.

Namate ons die landelike Indiese dorpies begin verken het, het ons wel hartlikheid en gasvryheid teëgekom, maar ook die gewig van geestelike weerstand ervaar. Ons het byvoorbeeld by een klein dorpie begin bedien. Die nuus van ons teenwoordigheid moes versprei het. Ons het skaars met 'n sessie begin toe 'n luidrugtige lofprysingsessie posvat by die Hindoe tempel langsaan.

Dit het byna onmoontlik geraak om voort te gaan as gevolg van die geraas en daarom het ons uitgereik na Harvesters se gebedstryders. Binne minute het die geraas eensklaps bedaar, so asof daar 'n kragonderbreking was in daardie een tempel in die dorp.

Pogings van die Vyand om te intimideer of van stryk te bring is maar net die begin van die uitdagings waarteen ons broers en susters in Indië gereeld te staan kom. Maar, te midde van die chaos, kon ons die diepliggende, kalmerende vrede van die Here ervaar. Sy teenwoordigheid het ons soos 'n skild oordek, en ons gegrond met versekering.

Dit is maklik om verlief te raak op Indië se lewendige kultuur en openhartige mense. Om ons broers en susters, wat werklik die koste daarvan om Christus te volg moes bereken, te kon bedien het ons met nederigheid gevul. Die heerlikheid van God het ons oorweldig terwyl ons saam met hulle aanbid het.

Dit is ons missie om toe te sien dat verlorenes vir Jesus sal ken en ons roep in gebed uit na die Here vir die mense van Indië. Harvesters rus plaaslike leraars toe met die gereedskap om te evangeliseer en kerke te plant in onbereikte gemeenskappe, nedersettings, dorpies en stede in Indië.











"Harvesters se kerkplantingsmetode en model is werklik prakties en haalbaar," verduidelik Leraar Rahul, wat pas die program voltooi het. "Ons bediening gebruik nou hierdie konsep om vorentoe te beweeg. Ons prys die Here daarvoor."

Leraar Rahul is deel van 'n netwerk van 21 Hub-leiers wat pas gegradueer het. Hulle het 83 kerke geplant in dorpies wat voorheen geen Christelike teenwoordigheid geken het nie. Dit het hulle gedoen ten spyte van ongekende teenkanting.

Nog 'n leraar wat pas met die Harvesters opleidingsprogram begin het, het ons ook geïnspireer met sy passie om verlorenes te bereik. Bewus van die risiko wat hy neem het Leraar Amit onbevange die Evangelie verkondig in afgeleë nedersettings waar animisme en Hindoeïsme die oorhand gehad het. Nadat hy 'n paar keer by die nedersettings besoek afgelê het, het Amit die vertroue gewen van een van die leiers van die dorpies wat hom toe gevra het om te bid vir 'n vrou wat deur 'n demoon besete was.

Vir vier maande lank het Amit getrou gebid totdat God volkome herstel bewerkstellig het. Danksy hierdie wonderwerk het baie van die inwoners van die dorpie Christus in hul lewens aanvaar. In die besonder het die vrou en haar hele familie ook tot bekering gekom. Amit het 'n kerk onder hulle geplant en daar is nou 15 lidmate wat weekliks ontmoet. Sy pleidooi is dat ons saam met hom bid daarvoor dat die leier van die dorpie ook gered sal word. Amit se toewyding en self-opofferende liefde vir sy naaste is 'n getuienis van wat dit beteken om Jesus te volg.

Aan die einde van ons reis het ons 'n hartroerende toneel aanskou: plaaslike vissers het hulle nette noukeurig herstel onder die bloedige Indiese son. Dit het vir ons gedien as 'n kragtige herinnering aan Jesus se opdrag aan almal van ons. Dit is naamlik om Hom te volg, ten spyte van ons eenvoud en gebrokenheid. Al wat van ons vereis word is gewilligheid – iets waaroor ons Indiese en broers en susters in oorvloed beskik.

Met die toekoms ingedagte, is ons gevul met opgewondenheid oor dit wat die Here in Indië doen. Danksy jou ondersteuning kan Harvesters leiers uit alle generasies ophef en hierdie jaar twee nuwe kerkplantingsbewegings, of sogenaamde Strome, loods. Ons fokus bly steeds om leraars toe te rus met die gereedskap en strategieë wat hulle nodig het om doeltreffende evangelisering, dissipelskap en kerkplanting te kan beoefen.

Indië is 'n land waar geloof daagliks getoets word en die oproep om Jesus te volg teen 'n prys kom. Namate ons voortgaan daarmee om te arbei en sodoende die oes in te samel, koester ons hoop en verwagting. Ons leef in die wete dat God sy beloftes getrou nakom en redding bring aan almal wat Sy naam aanroep.

*Name verander ter wille van veiligheid.*



NE0524_AF email

# Missionale Masai





Die Masai stam word aangetref in die mees afgeleë en ongerepte streke van Kenia. Hulle is bekend vir hul nomadiese tradisies en kenmerkende rooi shukas, of komberse. Harvesters rus leraars van hierdie gemeenskap toe om die Evangelie te deel, van gelowiges dissipels te maak en lewenskragtige kerke te plant.

Leraar Andrew Ngnogoni, wat die kerkplanting pogings in hierdie streek koördineer, getuig reeds van vrug in 'n onbereikte dorpie. "Ek het daar gaan evangeliseer, nou is daar omtrent 30 mense in 'n kerk op 'n plek waar daar voorheen geen kerk was nie," sê hy verheug. "Ek ervaar regtig 'n impak."

Harvesters het onlangs dissipelskap opleiding onderneem met meer as 25 ywerige kerkplanters. Baie van hulle moes vir ure loop om die opleiding te kan bywoon. "Dis wonderlik om die passie van die leraars te ervaar," deel Leraar Dylan Agoye, Streeksdirekteur vir Kenia. "Hou aan om voorbidding te doen vir hierdie area. En hou aan om saam met ons in vennootskap te tree onderwyl ons voortgaan daarmee om die woord van God te versprei. Mag die Here julle seën."


Harvesters MINISTRIES

www.harvestersministries.com

Telefoon: 021-300-5629
E-pos: info@harvestersministries.com
Adres: Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes , 7130



Harvesters Ministries is 'n Geregistreerde Nie-Winsgewende- en Openbare weldaadsorganisasie Organisasie (NPO en PBO).


## Dissipelmakers

Ons het 'n nuwe weergawe van ons suksesvolle Dissipelmakers-kursus bekendgestel, wat ontwerp is om kerke met dissipelskap en groei te ondersteun. Ons loof die Here vir hierdie sukses. Na aanleiding van vyf-en-twintig jaar se ondervinding en sukses met ons evangelisasie, kerkplanting, leraar opleiding en dissipelskapstrategieë in meer as 87 lande, kom hierdie kursus terug na die basiese Bybelse beginsels. Die fokus is op die boodskap en metodologie van Jesus om die wêreld met die evangelie te bereik.

As jy meer wil leer oor die Dissipelmakers-kursus of ons wil nooi om dit by jou kerk te kom aanbied, kontak ons vandag nog.

## Help om die *weg te baan* sodat die wêreld Christus kan leer ken

Elke R 3 800 wat ingesamel word sal ons in staat stel om ...

- ☑ 'n leraar op te lei
- ☑ 3 kerke te plant
- ☑ 'n Bybel te voorsien
- ☑ ongeveer 300 mense te bereik en van hulle dissipels te maak.

**Maak vandag 'n blywende verskil deur te gee!**

**Baie dankie.**

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:
Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnommer: 4075041297,
Takkode: 632005
Verwysing: "NE0524AFEM"+[jou naam]

Ander opsies om 'n bydrae te maak:
**GEE AANLYN** via ons webblad OF volg die QR kode om via Zapper of Snapscan te gee:

zapper SnapScan